Christus is profeet

***'n Mens leer jou lewe lank — as jy maar leerling wil wees
en nie te eiewys is om 'geleer' te word nie. Of hang dit van die leraar af?
Daar is nou maar een maal díe leerkragte na wie jy graag luister
en by wie jy baie leer. As jy hulle onderrig ter harte neem,
kan jy ook werklik wyser word.***

As ons saam met Maria aan die voete van Jesus sit, kan ons in ons geestelike lewe 'n skat van kennis bymekaarmaak.

Hoër onderwys

Die groot Profeet en Leraar, soos Christus genoem word, kom van Bo. Hy is deur die Vader aan ons gegee. Op sigself is dit al 'n wonder, want God kon die mens wat van Hom weggedwaal het, net so in die duister gelaat het. Ons lees in die Nuwe Testament van die ongelowiges dat hulle verstand verduister is . Want wanneer jy nie hemelse onderrig ontvang nie is jy geestelik volstrek blind, hoe wys jy ook in jou eie oë mag wees. Ons moet die onderrig hoër soek. Nie net het engele van Bo neergedaal om die evangelie te verkondig nie. God stuur ook Sy eie Seun om verdwaaldes en dwalendes die weg na God en na die naaste te leer ken.

Wanneer Jesus die boek Jesaja in die sinagoge van Nasaret oopmaak, verkondig Hy dat Hy gekom het om dié Skrif te vervul. Hy leer daar as `n gesaghebbende, en nie soos die skrifgeleerdes nie. Sy onderrig staan ver bo elke 'leer' uit, omdat dit van 'n Hoër Hand kom. Die Vader Self het Hom gestuur om aan die mense hemelse onderrig te kom gee.

Moses kon aankondig dat daar 'n Leraar van God sou kom, wat soos geen ander is nie.

Wie is so geduldig in sy onderwys soos Hy? Drie jaar lank het Hy sy leerlinge onderrig oor die dinge van die koninkryk van God. Telkens weer moes Hy van voor af begin. Hy moes selfs sê: Hoe lank sal ek by julle wees? Aan die Émmaüsgangers moes Hy vra: Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in Sy heerlikheid ingaan nie? Dit is maar moeilik as vir jou gesê word dat jy onverstandig en traag van hart is as dit by die mees wesenlike ding kom. Tog hou hierdie Profeet en Leraar dit met dergelike leerlinge vol.

Dié leer

Wat leer Jesus ons as die Christus? Hy leer jou wie God is. Hy weet wie God is, daarom kan Hy alleen sê wie die Vader is. As jy soos Maria aan sy voete sit, leer jy God ken. Dit is dan ook die ewige lewe om God te ken, en Jesus Christus wat Hy gestuur het; God ken in Sy regverdigheid en in Sy barmhartigheid. Dit blyk uit die ontmoeting met die Samaritaanse vrou. Verwonderd het sy voor die inwoners van die stad uitgeroep: is Hy nie die Christus nie? Terselfdertyd erken sy dat Hy haar sondes aan haar bekend gemaak het. Sy bely onomwonde: Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.

Die groot Profeet leer jou nie net God ken nie, maar ook jouself. Soos Calvyn ook in sy Institusie opmerk, gaan hierdie kennis hand aan hand. Wanneer jy nog min onderrig van Christus geniet het, is die kennis gering, maar hoe langer jy by Hom 'op skool' is, hoe meer verstaan jy wie God is. Terselfdertyd ontdek jy ook al hoe meer wie jy self is. So sien jy hoog na God op en word jyself klein voor Hom.

Heilsame lesse

Deur die onderrig van Christus ontdek jy hoe langer hoe meer die weg na God en deur die jare heen leer jy om meer te begryp en te beoefen wát die weg van God in ons lewe met ons naaste is. Want dié Hemelse onderrig is allesomvattend. Daarom is jy baie bevoorreg dat jy leerling van Christus mag word, en jy verwonder jou des te meer dat jy Sy leerling mag bly. Iemand het dit so kenmerkend gesê: op skool vorder jy van die laer na die hoër klasse. Met die onderwys van Christus gaan jy telkens een klas terug en leer jy dat jy niks weet nie. Jy raak jou eiewysheid volledig kwyt, want Hy, Christus, moet in jou lewe groei en jyself moet minder word. So het Johannes die Doper getuig toe hy meer en meer van die Gesalfde van God begryp het.

Dit is 'n hele les om sover te kom. Dit verg ook heelwat om sagmoedig en nederig te word. Die groot Profeet sê dat ons dit van Hom kan en moet leer en roep ons daartoe op: Kom na My toe!
Van huis uit is ons dikwels eiewys. Ons dink meer as eens dat ons alles weet. In ons dwaasheid meen ons dat ons nie die hemelse onderrig nodig het nie. Só kom ons dwaasheid al hoe meer na vore. In Sy gelykenisse vertel die groot Profeet en Leraar oor 'n dwase bouer en dwase bruidsmeisies, maar Hy laat dit nie net daar nie. Hy roep sy leerlinge op om na Hom te luister en wysheid te verkry — wysheid tot saligheid.

Wie dit eenmaal gesmaak het, wil niks anders hê nie as om leerling van die mees wyse Leraar te wees wat jy jou kan bedink en jy verlang om meer van Sy onderrig te ontvang. So bid jy dan: "Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil" (Psalm 25:5).

Leer my HEER u regte weë,
Wys die regte pad my aan;
Maak my hart daartoe geneë,
Om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
Lei my dwalende gedagte;
Want U is my heil, o HEER!
U is ek altyd te wagte.

Psalm 25:2, Totius Beryming

J van Amstel

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za